

Advertensie-artikel

Is jy op koers vir finansiële onafhanklikheid?

Richus Nel

Is jy op pad na finansiële onafhanklikheid?

Finansiële onafhanklikheid het vir elke individu 'n ander betekenis. Vir sommige is hierdie 'n punt van sorgelose ontspanning op die eilande Capri, Santorini of Seychelle. Eilande gelaai met sonskyn, sonbrandroom, watersport en die ontdekking van verskillende koskulture. Ander verkies die ontdek en betowering van ryk geskiedenis en kunste in Rome, of musiek en kunsteaters in Hamburg.

'n Interessante voorbeeld (met betrekking tot aanwending van sy welvaart), is Paul G. Allen (medestigter van Microsoft) wat homself beywer vir die opsporing van vermiste Amerikaanse oorlogskepe, ter nagedagtenis van die vermiste en vergete soldate aan boord.

Wat sou jy wou doen, indien jy vandag finansiële onafhanklik kan

wees?

Finansiële onafhanklikheid word in die beleggingswêreld dikwels geassosieer (of verwar) met aftrede. Dit is so dat finansiële onafhanklikheid bepaal of iemand kan aftree of nie, weens die uitdagende aard van bejaarde versorging en mediese onkoste. Indien jy jou eie doelwit van finansiële onafhanklikheid egter kan vervroeg (bv. op 55 in plaas van 75), is die kans soveel groter op sukses. Makliker gesê as gedaan? Beslis, maar oordink die onderstaande . . .

Skep inkomste-genererende bates. Inkomste-genererende bates kom in alle vorms en groottes. Hierdie bates sluit wel nie privaat huise, motors, bote, vliegtuie, juweliersware en allerlei tegnologiese hulpmiddels in nie, waarop ons meeste van ons geld uitgee. Eersgenoemde items kan moontlik omskep word om inkomste te genereer.

Tradisionele inkomste-genererende



Richus Nel van Brenthurst Wealth.

Foto: Jeremy Glynn

bates kan ook 'n idee (patent), resep, wetenskaplike of wiskundige formule, 'n liedjie of flied, 'n produk of sagtewareprogram wees. Dit kan 'n beleggingseiendom wees of selfs 'n

individu in jou diens, wat namens jou inkomste-genererende take verrig. Indien bogenoemde oorweldigend klink, oorweeg ook 'n akademiese kwalifikasie of beleggingsportefeulje wat oor tyd vir jou wel beproefde inkomste en kapitale welvaart skep.

Inkomste wat so oor tyd groei, kan selfs vermenigvuldig en somtyds so toeneem, dat eienaars 100% van hul welvaart of tyd kan aanwend tot byvoorbeeld die welstand van kinders, gesondheidsnavorsing, droogtehulp en natuurbewaring. Dink net hoe jy die wêreld kan help "red" deur jou eie onafhanklikheid.

Skep vandag 'n inkomste-genererende bate of beleggingsportefeulje en vervroeg so jou datum van finansiële onafhanklikheid.

● *Richus Nel is die bestuurder van Brenthurst Wealth se Stellenbosch-kantoor. Besoek www.bwm.co.za of skakel 021 822 8706 vir nog inligting.*